

## OORSIG VAN GELD- EN BANKWESE

Die opwaartse beweging in die monetêre omvang van die Unie se ekonomiese bedrywigheid gedurende die jare 1953 en 1954, wat gevolg het op die meer konstante neiging gedurende 1952, is gedurende die eerste kwartaal van 1955 voortgesit.

Soos blyk uit die onderstaande tabel, is die verdere opwaartse beweging vanaf die laaste kwartaal van 1954 tot die eerste kwartaal van 1955 (uitgesonderd seisoensbewegings) weerspieël in toenames in sulke indekse soos bankdebette, invoere, spoorweginkomste, diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, kleinhandelsverkope, eiendomstransaksies en bouplanne goedgekeur, terwyl slegs die indekse van aandeelbeursomset en goedereuitvoere afnames getoon het. Vergeleke met die eerste kwartaal van 1954, was al die indekse wat in die tabel aangetoon word, behalwe aandeelbeursomset, aansienlik hoër in die eerste kwartaal van 1955.

### Indekse — Aangesuiwer vir Seisoenskommelings (1948 = 100)

	Iste Kw. 1954	4de Kw. 1954	Iste Kw. 1955
Bankdebette	164	180	184
Effektebeursomset	115	120	110
Waarde van invoere*	130	119	142
Waarde van uitvoere (uitgesonderd goud)*	227	245	243
Spoorweginkomste	172	193	200
Diskonteringe en voorskotte van handelsbanke	163	174	190
Waarde van kleinhandelsverkope†	113	119	121
Waarde van eiendomstransaksies	95	102	108
Waarde van bouplanne goedgekeur‡	141	140	164

\* Gewysig.

† Vyf stedelike gebiede.

‡ Agtien stedelike gebiede.

### BETALINGSBALANS

Gedurende die eerste kwartaal van 1955 het die Reserwebank se goudbesit van £70.6 miljoen tot £71.9 miljoen toegeneem, terwyl sy buitelandse valutareserwes van £77.2 miljoen tot £67.5 miljoen afgeneem het. Boonop was daar 'n afname van omtrent £4 miljoen in die buitelandse valutabesit van die handelsbanke en die Unieregering, sodat die netto afname in die totale goud- en buitelandse valutareserwes gedurende hierdie kwartaal ongeveer £12 miljoen beloop het, in teenstelling met 'n toename van ongeveer £1 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1954.

Volgens voorlopige betalingsbalansskattings het die afname in die totale reserwes gedurende die eerste kwartaal van 1955, vergeleke met die klein toename gedurende dieselfde tydperk 'n jaar gelede, plaasgevind ten spyte van 'n hoër goudproduksie, verhoogde goedereuitvoere en 'n styging in die netto toevloei van private kapitaal, en was dit hoofsaaklik die gevolg van, eerstens, 'n aansienlike afname in trekkings teen offisiële lenings, tweedens, 'n noemens-

waardige styging in goedereinvoere, en, derdens, 'n toename in netto lopende onsigbare betalings.

Ná aansuiwering vir betalingsbalansdoeleindes, toon die beskikbare handelsyfers aan dat goedereinvoere van omtrent £112 miljoen in die eerste kwartaal van 1954 tot ongeveer £123 miljoen in die eerste kwartaal van 1955 toegeneem het. Aan die ander kant, het goedereuitvoere, uitgesonderd goud en skeepsvoorrade, van omtrent £81 miljoen tot ongeveer £87 miljoen toegeneem, sodat die Unie se handelstekort 'n styging vanaf omtrent £31 miljoen tot ongeveer £36 miljoen getoon het. Teenoor hierdie styging in die handelstekort, was daar 'n aansienlike styging in die land se netto goudproduksie, maar, aan die ander kant, was daar ook 'n toename in netto lopende onsigbare betalings (grootliks as gevolg van hoër betalings in die vorm van diwidende en vrag- en verskeringsgelde), sodat die netto lopende tekort teenoor die buiteland effens van omtrent £16 miljoen in die eerste kwartaal van 1954 tot ongeveer £18 miljoen in die eerste kwartaal van 1955 toegeneem het.

Wat kapitaalbewegings betref, dui voorlopige skattings daarop dat die netto toevloei van private kapitaal, insluitende handelskrediete, ongeveer £9 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1955 beloop het, vergeleke met omtrent £5 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1954. Aan die ander kant was daar 'n aansienlike verandering in die netto ontvangste van kapitaal in die vorm van offisiële lenings. Terwyl hierdie ontvangste gedurende die eerste kwartaal van 1954 ongeveer £14 miljoen beloop het (bestaande uit trekkings van omtrent £7 miljoen teen die I.B.H.O.-lenings, 'n Switserse lening van ongeveer £5 miljoen en 'n trekking van omtrent £2 miljoen teen die deurlopende dollar-krediete wat van 'n groep Amerikaanse banke ontvang is), was daar in werklikheid 'n netto terugbetaling van omtrent £1 miljoen op offisiële lenings gedurende die eerste kwartaal van 1955, toe die Unie slegs £1 miljoen teen die I.B.H.O.-lenings getrek en ongeveer £2 miljoen van die dollarlening van omtrent £4 miljoen wat in 1951 van 'n groep Amerikaanse banke ontvang is, terugbetaal het.

Vanaf die end van Maart tot die end van Mei 1955, het die Reserwebank se goud en buitelandse valutareserwes 'n verdere aansienlike daling getoon, nl. vanaf £139.4 miljoen tot £123.7 miljoen. Alhoewel die statistiese gegewens wat benodig word vir 'n ontleding van hierdie daling nog nie beskikbaar is nie, is dit bekend dat goedereinvoere gewoonlik 'n seisoenstyging gedurende die tweede kwartaal van die jaar vertoon, gepaardgaande met 'n seisoensdaling in goedereuitvoere. Boonop is invoerbeheer onlangs aansienlik verslap, sodat dit wil voorkom asof die afname van omtrent £16 miljoen in die goud en buitelandse valutareserwes gedurende April en Mei hoofsaaklik toegeskryf moet word aan 'n aansienlike lopende tekort.

### GELD IN OMLOOP

Nadat dit van £444 miljoen aan die end van 1953 tot £471 miljoen aan die end van 1954 gestyg het, het die totale hoeveelheid geld in omloop in die Unie effens afgeneem tot £470 miljoen aan die end van Maart 1955, en toe tot £454 miljoen aan die end van April gedaal.

Die daling van omtrent £17 miljoen gedurende die eerste vier maande van 1955, wat bestaan het uit afnames van ongeveer £27 miljoen en £2 miljoen, onderskeidelik, in die bedrae in besit van die private en buitelandse sektors, teenoor 'n toename van omtrent £12 miljoen in die bedrag gehou deur die Regering, was hoofsaaklik die gevolg van die Unie se ongunstige betalingsbalans gedurende hierdie tydperk, alhoewel 'n verskuiwing vanaf onmiddellik opeisbare na termyndeposito's by die handelsbanke ook verantwoordelik was vir 'n afname van omtrent £9 miljoen. Aan die ander kant het bankkrediet met ongeveer £12 miljoen toegeneem as gevolg van 'n styging van meer as £23 miljoen in Reserwebankkrediet, teenoor 'n daling van ongeveer £11 miljoen in handelsbankkrediet. In werklikheid het die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte met omtrent £29 miljoen toegeneem, maar hulle saldo's by die Nasionale Finansiële korporasie het met omtrent

£5 miljoen afgeneem, terwyl hulle beleggings met ongeveer £35 miljoen gedaal het. Hierdie likwidasië van beleggings deur die handelsbanke is weerspieël in die styging van meer as £23 miljoen in Reserwebankkrediet, waarvan ongeveer £18 miljoen 'n styging in Unieskatkiesbewyse verdiskonteer vir die handelsbanke verteenwoordig.

### GOEDEREPRYSE

Goederepryse het 'n verdere toename gedurende die eerste vier maande van 1955 getoon.

Nadat dit van 149.8 aan die end van 1953 tot 151.1 aan die end van 1954 toegeneem het, het die indeks van groothandelspryse vir alle goedere (basis: 1948=100) tot 154.7 in April 1955 gestyg. Hierdie styging van ongeveer 2.4 persent gedurende die eerste vier maande van 1955, was saamgestel uit toenames van 1.0 persent in die geval van invoergoedere en 3.5 persent in die geval van Uniegoedere.

Die indeks van kleinhandelspryse (basis: 1948=100), wat van 129.8 aan die end van 1953 tot 135.0 aan die end van 1954 gestyg het, het verder tot 136.5 in April 1955 toegeneem, grootliks as gevolg van hoër voedselpryse.

T. W. de Jongh,  
Statistikus.



## MONETARY AND BANKING REVIEW

The upward movement in the Union's monetary volume of economic activity during the years 1953 and 1954, which followed the more constant trend during 1952, was continued during the first quarter of 1955.

As indicated by the table below, the further upward movement from the last quarter of 1954 to the first quarter of 1955 (excluding seasonal movements) was reflected in increases in such indexes as bank debits, imports, railway earnings, discounts and advances of the commercial banks, retail sales, property transactions and building plans passed, while only the indexes of stock exchange turnover and merchandise exports showed declines. Compared with the first quarter of 1954, all the indexes shown in the table, except stock exchange turnover, were substantially higher in the first quarter of 1955.

**Indexes — Excluding Seasonal Movements**  
(1948 = 100)

	1st Qtr. 1954	4th Qtr. 1954	1st Qtr. 1955
Bank Debits .....	164	180	184
Stock Exchange Turnover .....	115	120	110
Value of Imports* .....	130	119	142
Value of Exports (excluding Gold)* .....	227	245	243
Railway Earnings .....	172	193	200
Discounts and Advances of Com- mercial Banks .....	163	174	190
Value of Retail Sales† .....	113	119	121
Value of Property Transactions .....	95	102	108
Value of Building Plans Passed‡	141	140	164

\* Revised.

† Five Urban Areas.

‡ Eighteen Urban Areas.

### BALANCE OF PAYMENTS

During the first quarter of 1955, the Reserve Bank's gold holdings increased from £70.6 million to £71.9 million, while its foreign exchange reserves decreased from £77.2 million to £67.5 million. In addition, there was a decline of about £4 million in the foreign exchange holdings of the commercial banks and the Union Government, so that the net decline in the total gold and foreign exchange reserves during this quarter amounted to approximately £12 million, as contrasted with an increase of about £1 million during the first quarter of 1954.

According to preliminary balance of payments estimates, the decline in the total reserves during the first quarter of 1955, contrasted with the small increase during the same period a year ago, occurred in spite of an increased gold output, higher merchandise exports and increased net private capital receipts, and was principally the result of, firstly, a considerable decline in drawings under official loans, secondly, a substantial increase in merchandise imports, and, thirdly, an increase in net current invisible payments.

After correction for balance of payments purposes, the available trade figures indicate that the imports of merchandise increased from about £112 million in the first quarter of 1954, to approximately £123 million in the first quarter of 1955. On the other hand, the exports of merchandise, excluding gold and ships' stores, increased from about £81 million to about £87 million, so that the Union's trade deficit showed an increase from about £31 million to about £36 million. As against this increase in the trade deficit, there was a substantial increase in the country's net gold output, but, on the other hand, there was also an increase in current invisible payments (largely as a result of higher dividend and freight and insurance payments), so that the net current deficit with the outside world increased slightly from about £16 million in the first quarter of 1954 to about £18 million in the first quarter of 1955.

As far as capital movements are concerned, preliminary estimates indicate that the net inflow of private capital, including trade credits, amounted to about £9 million in the first quarter of 1955, compared with about £5 million in the first quarter of 1954. On the other hand, there was a substantial change in the net receipts of capital in the form of official loans. Whereas in the first quarter of 1954 these receipts amounted to about £14 million (consisting of drawings of about £7 million under the I.B.R.D. loans, a Swiss loan of about £5 million, and a drawing of about £2 million under the revolving dollar credits extended by a group of American banks), there was actually a net repayment of about £1 million on official loans during the first quarter of 1955, when the Union drew only about £1 million under the I.B.R.D. loans and repaid about £2 million of the dollar loan of about £4 million received from a group of American banks in 1951.

From the end of March to the end of May, 1955, the Reserve Bank's gold and foreign exchange reserves showed a further substantial decline, namely, from £139.4 million to £123.7 million. Although the statistical information required for an analysis of this decline is not as yet available, it is known that merchandise imports usually show a seasonal increase during the second quarter of the year, accompanied by a seasonal decline in merchandise exports. In addition, import control has lately been considerably relaxed, so that it would appear that the decline of about £16 million in the gold and foreign exchange reserves during April and May must be ascribed primarily to a substantial current deficit.

### MONEY IN CIRCULATION

After increasing from £444 million at the end of 1953 to £471 million at the end of 1954, the total quantity of money in circulation in the Union

declined slightly to £470 million at the end of March, 1955, and then dropped to £454 million at the end of April.

The decrease of about £17 million during the first four months of 1955, which consisted of declines of about £27 million and £2 million in the amounts held by the private and the foreign sectors, respectively, as against an increase of about £12 million in the amount held by the Government, was largely the result of the Union's unfavourable balance of payments during this period, although a shift from demand to time deposits with the commercial banks also accounted for a decline of about £9 million. On the other hand, bank credit increased by about £12 million as a result of an increase of over £23 million in Reserve Bank credit, as against a decline of about £11 million in commercial bank credit. Actually the commercial banks' discounts and advances increased by about £29 million, but their balances with the National Finance Corporation declined by over £5 million, while their investments dropped by about £35 million. This

liquidation of investments on the part of the commercial banks was reflected in the increase of over £23 million in Reserve Bank credit, of which about £18 million represented an increase in Treasury bills discounted for the commercial banks.

#### COMMODITY PRICES

Commodity prices showed a further increase during the first four months of 1955.

After rising from 149.8 at the end of 1953 to 151.1 at the end of 1954, the index of wholesale prices for all goods (base: 1948=100) increased to 154.7 in April, 1955. This increase of about 2.4 per cent during the first four months of 1955, was made up of increases of 1.0 per cent in respect of imported goods and 3.5 per cent in the case of Union goods.

The index of retail prices (base: 1948=100), which had increased from 129.8 at the end of 1953 to 135.0 at the end of 1954, rose further to 136.5 in April, 1955, largely as a result of increased food prices.

T. W. de Jongh,  
Statistician.



## DIE UNIE SE NASIONALE REKENINGE IN 1954

Tabelle XXXVII en XXXVIII in hierdie *Kwartaalblad* gee voorlopige skattings van die bruto kapitaalvorming en die nasionale rekeninge vir die Unie vir die jaar 1954, en hersiene syfers in dié gevalle waar meer resente inligtingsbronne beskikbaar gekom het.

### BRUTO VOLKSPRODUKSIE EN VOLKSINKOME

Hoewel omvattende gegewens wat alle aspekte van die Unie se produksiebedrywighede gedurende die kalenderjaar 1954 dek tans nog nie beskikbaar is nie, skyn dit volgens voorlopige skattings asof 1954 in die geheel 'n voorspoedige jaar was, en die land se produksie, gewaardeer teen heersende pryse, 'n nuwe hoogtepunt bereik het.<sup>1</sup> Die geskatte syfer vir *bruto volksproduksie teen markpryse*, d.i. die markwaarde van alle finale goedere en dienste wat gedurende 1954 deur Unie-inwoners geproduseer is, beloop £1,737 miljoen [pos 1 (e) in tabel XXXVIII A] en dié t.o.v. die netto volksinkome teen faktorkoste<sup>2</sup> £1,543 miljoen.

Die jaarlikse toename in die Unie se volksinkome gedurende die na-oorlogse tydperk kan beter beoordeel word indien kennis geneem word van die feit dat die Unie se ekonomie gekenmerk was deur 'n ononderbroke toestand van volle indiensneming wat, behalwe in die geval van toevallige omstandighede soos 'n wesenlike verbetering in die land se ruilvoet<sup>3</sup> t.o.v. die buiteland, enige buitensporige toename in volksproduksie gedurende enige besondere jaar onwaarskynlik maak.

Daar is egter heelwat faktore, behalwe die toename in die pryspeil, wat bygedra het tot die styging in

1. Soos in die vorige uitgawes van hierdie *Kwartaalblad* vermeld, is die volksinkomesyfers wat in tabel XXXVIII gegee word, gebaseer op skattings van die Unie se netto geografiese inkomte teen faktorkoste wat deur die Buro vir Sensus en Statistiek bereken is, onderhewig, egter, aan sekere aansuiwerings. Die Buro se syfers het, byvoorbeeld, betrekking op jare geëindig 30 Junie, terwyl die syfers in die tabel op 'n kalenderjaarbasis uitgedruk is.

Die jongste geografiese inkomesyfers wat deur die Buro gepubliseer is, is dié vir die jaar 1953/54, sodat die 1954 volksinkomesyfer wat in die tabel ingesluit is, dus 'n onafhanklike skatting verteenwoordig.

2. Netto volksinkome teen faktorkoste [pos 1 (a)] word verkry deur van bruto volksproduksie £95 miljoen en £99 miljoen, onderskeidelik, vir waardevermindering ten aansien van kapitaalbate wat gedurende 1954 aan slytasie onderhewig was [pos 1 (b)], en indirekte belasting min subsidies [pos 1 (d)] af te trek.

Indirekte belasting min subsidies is verantwoordelik vir die verskil tussen die waarde van die Unie se produksie „teen markpryse” en „teen faktorkoste”. As die afkorting „volksinkome” in die bespreking van totale produksiesyfers gebruik word, word verwys na „netto volksinkome (of -produksie) teen faktorkoste”.

3. d.i. die verhouding van die Unie se uitvoerpryse tot sy invoerpryse.

die waarde van die volksproduksie wat in die na-oorlogse tydperk op die voorgrond getree het, nl. (1) die jaarlikse toename in die arbeidsmag wat weer op sy beurt hoofsaaklik bepaal word deur die jaarlikse groeikoers van ongeveer twee persent in die Unie se totale bevolking; (2) die meer intensiewe benutting van die land se beperkte arbeidsbronne gedurende die teenswoordige tydperk van arbeidstekorte en (3) die nuwe produksiefasiliteite soos goudmyne, uraaninstallasies en fabrieksondernemings wat elke jaar in werking gestel of nog in werking gestel sal word as gevolg van die buitengewone na-oorlogse skaal van kapitaalvorming.

Wat die jaar 1954 betref, is die faktore wat in die besonder die waarde van produksie teen heersende pryse in die hoofsektore van die ekonomie beïnvloed het reeds in die „Oorsig van Ekonomiese Toestande in die Unie in 1954”, wat in die vorige uitgawe van hierdie *Kwartaalblad* gepubliseer is, bespreek, waarvolgens die belangrikste ontwikkelings in die mynbedryf (met insluiting van uraan), bou- en konstruksiewerk, fabriekswese en spoorwegvervoer voorgekom het.

### BRUTO VOLKSUITGAWE

Skattings van die hoofbestanddele van bruto volksuitgawe teen markpryse word in tabel XXXVIII B gegee en hieruit blyk dat daar gedurende 1954 aansienlike toenames voorgekom het in lopende uitgawes van persone en nie-winssoekende organisasies [pos 3 (a)] en in bruto binnelandse kapitaalvormings [pos 3 (c)]. Laasgenoemde pos het 'n na-oorlogse hoogtepunt van £442 miljoen bereik, teenoor die vorige hoogste totaal van £406 miljoen in 1951. Pos 3 (b) nl. lopende uitgawe van openbare owerhede en bestaansbeveiligingsfondse, het effens toegeneem tot £210 miljoen.

Gedurende 1954, soos in alle na-oorlogse jare, het totale binnelandse uitgawe, d.i. die gesamentlike lopende en kapitaaluitgawe van verbruikers, openbare owerhede en sake-ondernemings [poste 3 (a) + (b) + (c)] die bruto volksproduksie teen markpryse met £45 miljoen oorskry, waaruit blyk dat die Unie meer goedere en dienste van die buiteland ingevoer het om aan die behoeftes van sy inwoners te voorsien as wat dit in staat was om uit te voer. Gevolglik word die balans in lopende rekening [pos 3 (d)] as 'n negatiewe bedrag aangetoon. Die ooreenstemmende tekort in die vorige jaar was egter baie groter, nl. £70 miljoen.

### BRUTO KAPITAALVORMING

Tabel XXXVII verskaf besonderhede met betrekking tot verskeie aspekte van kapitaalvorming in die Unie t.w. (1) bruto en netto kapitaalvorming, (2) die bedrae bestee aan die verskillende tipes van kapitaalbate en (3) die tipe van organisasies wat vir die Unie se kapitaalprogram verantwoordelik is.



Die Unie se bruto kapitaalvormingsreeks is gedurende die na-oorlogse tydperk sterk beïnvloed deur die wisselvallige gedrag van een van sy twee hoofbestanddele n.l. die netto verandering in voorrade van sake-ondernemings; nie-teenstaande die bestendige opwaartse beweging van die ander bestanddeel, n.l. vaste kapitaalvorming, is die jaar-tot-jaar veranderinge in voorrade so groot dat hulle die bruto kapitaalvormingsreeks as geheel onstabiel maak. Skattings van die veranderinge in voorrade is egter tot nog toe aan 'n wye foutegrens onderhewig, maar volgens die beperkte inligting wat beskikbaar is, wil dit voorkom asof daar gedurende 1954 'n opmerklieke toename in die fisiese omvang van voorrade van handelsoondernemings was, en 'n klein toename in die geval van fabrieksoondernemings, in teenstelling met die aansienlike vermindering in sowel handels- as fabrieksvorrade wat die syfer vir 1953 aantoon. Volgens die syfers wat hieronder gegee word, het kapitaalvorming in die vorm van toevoegings tot voorrade van sake-ondernemings nie minder as £51 miljoen tot die totale toename van £55 miljoen in bruto kapitaalvorming gedurende 1954 bygedra nie.

#### Bestanddele van Bruto Kapitaalvorming, 1953-1954 (£S.A. miljoene)

	1953	1954	Netto verandering 1953-1954
1. Bou- en konstruksiewerk	232	243	+ 11
2. Masjinerie, installasie en uitrusting	184	177	- 7
3. Totale vaste kapitaalvorming	416	420	+ 4
4. Netto verandering in voorrade	- 29	22	+ 51
	387	442	+ 55

'n Vergelyking van die bruto kapitaaluitgawe van die drie hoofstipes van organisasie wat in tabel XXXVIII C onderskei word vir die jare 1953 en 1954, toon (1) 'n geringe styging van £120 miljoen na £124 miljoen in die bruto kapitaaluitgawe van openbare owerhede; (2) 'n klein afname van £49 miljoen tot £41 miljoen in die geval van openbare korporasies (d.i. semi-staatsoondernemings soos Eskom, Yskor, Sasol, ens.), hoofsaaklik weens 'n daling in die kapitaaluitgawes van Sasol; en (3) 'n merkbare vermeerdering van £59 miljoen in die kapitaaluitgawe van die private sektor, waartoe die verandering in die privaatsektor se voorrade nie minder as £55 miljoen bygedra het nie.

'n Studie van die rol wat voorraadveranderinge in die kapitaalvorming van die Unie gedurende al die na-oorlogse jare gespeel het, beklemtoon die wenslikheid dat verdere pogings aangewend behoort te word om betroubare aanduidings van voorraadbewegings te ontwikkel, aangesien netto voorraadveranderinge die mees onstabiele element in die Unie se totale uitgawe is. Uitgawe van sake-ondernemings op voorrade is baie meer gevoelig vir skielike veranderinge in algemene besigheidsverwagtings en marktoestande as wat die geval is met die ander soorte

lopende en kapitaaluitgawe van die volkshuishouding, en verder is hierdie inherente onstandvastigheid van die uitgawe op voorrade verskerp deur die instelling van invoerbeheer sedert 1949, en die periodieke veranderinge in die hoeveelheid van buitelandse valuta wat vir invoere beskikbaar gestel is.

#### DIE BESTANDELE VAN BRUTO BESPARING

Gedurende 1954 het binnelandse besparing 'n baie groter relatiewe bydrae gelewer tot die fondse wat benodig was vir die finansiering van binnelandse kapitaalvorming, as wat die geval in 1953 was. Die afname van £70 miljoen na £45 miljoen in die fondse wat deur die „buitelandse sektor” beskikbaar gestel is in die vorm van netto kapitaalvloeie van oorse en realisering van goud en buitelandse bates,<sup>4</sup> impliseer dat 'n geskatte bedrag van £397 miljoen deur Unie-inwoners vir die koste van die 1954-kapitaalprogram voorsien moes word. Die vernaamste tipes van binnelandse besparing is as volg:

#### Bruto Binnelandse Besparing, 1953-1954 (£S.A. miljoene)

	1953	1954	Netto verandering 1953-1954
1. Private besparing	187	254	+ 67
2. Lopende surplus van owerheidsliggame	35	42	+ 7
3. Lopende surplus van bestaansbeveiligingsfondse	10	6	- 4
4. Waardeverminderingstoelaes	85	95	+ 10
Bruto binnelandse besparing	317	397	+ 80

Die netto veranderinge gedurende die tydperk 1953-54 in die bestanddele van bruto binnelandse besparing sal in omgekeerde volgorde bespreek word. Die geskatte toename in waardeverminderingstoelaes gedurende 1954 is deur die voortdurende groei van die Unie se kapitaalvoorraad teweeggebring, terwyl die afname onder die opskrif „lopende surplus van bestaansbeveiligingsfondse” toegeskryf moet word aan (1) die laer peil van die 1954-bydraes deur werkgewers en werknemers tot die Werkloosheidsversekeringsfonds as gevolg van die gewysigde basis van bydraes, en (2) groter uitbetalings aan diegene wat voordele ontvang uit hierdie fonds.

Die groter surplus van openbare owerhede is hoofsaaklik aan die groot surplus van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, Hawens en Lugdiens vir die jaar geëindig 31 Maart 1955 te danke, wat op sy beurt hoofsaaklik toe te skryf is aan die hersiening van spoortariewe in die tweede helfte van 1954.<sup>5</sup>

4. Geen realisering van goud en buitelandse valutabesit het in 1954 plaasgevind nie en 'n toename van £44 miljoen kan onder hierdie hoof waargeneem word.

5. Omdat die Suid-Afrikaanse Spoorweë, Hawens en Lugdiens 'n staatsdepartement is, word sy surplusse of tekorte onder die hoof „Inkome uit Eiendom” [pos 6 (d)] in die openbare owerhede se rekening (tabel XXXVIII D) ingesluit.



Wat private besparing betref, is dit van belang om te onthou dat hierdie pos op die oomblik as 'n respos in die nasionale rekeningestatistiek bereken word sodat die juiste omvang daarvan gedurende enige gegewe jaar besonder onseker is. Enige foute wat in die berekening van ander poste in die nasionale rekeningetabel as gevolg van onvoldoende inligting begaan word, sal outomaties die private besparingsyfer affekteer, maar pogings word nou aangewend om volledige direkte skattings van die verskillende bestanddele van private besparing te maak.<sup>6</sup>

Op grond van 'n voorlopige ondersoek i.v.m. die beskikbare direkte inligting, skyn die gevolgtrekking dat toenames gedurende 1954 in verskeie onderdele van private besparing plaasgevind het, geregverdig te wees. Die toename in die besit van likwiede bates, staats- en ander effekte uitgesluit, van individue skyn ongeveer £28 miljoen groter te wees as die ooreenstemmende styging gedurende 1953, sodat die netto verandering in hierdie pos vir 'n belangrike gedeelte van die totale toename van £67 miljoen in private besparing verantwoordelik is. Dit skyn ook asof individuele besit van nie-regeringsekuriteite gedurende 1954 'n groter toename as gedurende die vorige jaar getoon het, omdat nuwe uitgifte (teen uitgeepryse) van maatskappye wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word (d.w.s. uitgesonderd regeringslenings) £45 miljoen gedurende die jaar geëindig 30 September 1954 bedra het, vergeleke met £29 miljoen gedurende die vorige jaar. Ongelukkig is dit nie bekend in watter mate buitelandse beleggers nuwe uitgifte van Suid-Afrikaanse sekuri-

teite gedurende die periode onder bespreking aangekoop het nie, en dus welke bydrae hul tot die totale bedrag kon gemaak het nie.

'n Opmerklieke uitbreiding het ook in die besteding aan twee bestanddele van die totale reële kapitaal-bates wat individue en nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings besit, nl. woonhuise en voorrade, plaasgevind, maar dit skyn asof hierdie positiewe besparing, in die geval van individue, vergesel is van 'n ooreenstemmende toename in hul verbandsku'd.

Volledige inligting betreffende korporatiewe besparing is voorasnog nie beskikbaar nie, maar 'n ondersoek na die onverdeelde winste, wat in die finansiële state van 'n groot aantal openbare maatskappye aangetoon word, skyn aan te dui dat gedurende die jaar 1954 die bydrae van korporatiewe besparing tot totale private besparing die peil wat gedurende 1953 bereik is, oortref het, veral in die geval van mynmaatskappye.

'n Finale opmerking wat i.v.m. die private besparing in 1954 gemaak moet word is dat, nieteenstaande 'n geskatte toename van omstreeks £125 miljoen in private inkome (voor belasting), die totale bedrag aan direkte belasting betaal deur die private sektor effens afgeneem het, met die gevolg dat hierdie sektor meer geld vir verbruik of besparing beskikbaar gehad het. In hierdie verband moet dit in gedagte gehou word dat (1) daar 'n kleiner bedrag aan agterstallige belasting was wat gedurende 1954 ingesamel moes word, vergeleke met vorige jare, toe belastingbetalers genoodsaak was om groot bedrae aan agterstallige belastings te betaal bo en behalwe belastings op hul lopende inkomes, wat dus geneig het om die peil van private besparing in daardie pare te verlaag; en (2) baie aansienlike belastingtoegewings, soos, o.a., die afskaffing van die leningsheffing op persone en maatskappye, is in die belastingjaar 1954/55 toegeestaan. In sy 1954/55 begrotingsrede het die voormalige minister van finansies melding gemaak van aanduidings dat daar 'n „aansienlike daling in die inflasionere druk” was, en gevolglik was dit sy mening dat 'n mate van belastingverligting private besparing sou stimuleer.<sup>7</sup>

D. G. Franzsen.

6. In die artikel getitel: „Oorsig van die Unie se Nasionale Rekening, 1946-1953”, wat in die Maart 1955-uitgawe van hierdie *Kwartaalblad* gepubliseer is, is aangegeef dat private besparing verdeel word in twee hoofgroepe, nl. (1) besparing deur individue en nie-winssoekende liggame, bv. liefdadigheidsorganisasies, en nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings, insluitende boere, en (2) besparing in die vorm van onverdeelde winste van maatskappye. Na eersgenoemde word verwys as persoonlike en na laasgenoemde as korporatiewe besparing. Persoonlike besparing kan plaasvind deur toevoegings tot likwiede bates, kontraktuele bates (nl. lewensversekering- en pensioenfondse) en reële kapitaal-bates van individue en nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings (nl. voorrade, woonhuise en nie-residensiële geboue, masjinerie en uitrusting) te maak, asook deur verminderings in die laste van die persoonlike sektor, nl. 'n afname in die uitstaande bedrae te nopsigte van verbruikersskuld, lenings en voorskote en ander netto verskuldigde bedrae van nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings.

7. Die Minister het homself as volg uitgelaat: „Ek glo dat die publiek bewus geword het van die verandering in die ekonomiese klimaat en dat die publiek bewus geword het van die noodsaaklikheid om te spaar. Gevolglik sal 'n aansienlike gedeelte van belastingvermindering waarskynlik meer weerspieël word in 'n verhoging in spaargeld as in verhoogde verbruik.”